

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Josua 24:1-3 en 14-25 (1953)

¹ DAARNA het Josua al die stamme van Israel byeen laat kom in Sigem, en hy het die oudstes van Israel en sy hoofde en sy regters en sy opsigters laat roep, en hulle het hul voor die aangesig van God gestel.

² Toe sê Josua aan die hele volk: So sê die HERE, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon — Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien.

³ Maar Ek het julle vader Abraham van oorkant die Eufraat af geneem en hom deur die hele land Kanaän laat trek en sy nageslag vermeerder en Isak aan hom gegee;

¹⁴ Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE.

¹⁵ Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amorieë in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

¹⁶ Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons die HERE sou verlaat om ander gode te dien;

¹⁷ want die HERE onse God, dit is Hy wat ons en ons vaders uit Egipteland uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het;

¹⁸ en die HERE het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal die HERE dien, want Hy is onse God.

¹⁹ Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan die HERE nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jalouse God; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.

²⁰ As julle die HERE verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het.

²¹ Toe sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal die HERE dien.

²² Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself die HERE gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.

²³ Verwyder dan nou die vreemde gode wat onder julle is, en neig julle hart tot die HERE, die God van Israel.

²⁴ Daarop sê die volk aan Josua: Ons sal die HERE onse God dien en na sy stem luister.

²⁵ En op dié dag het Josua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem.

Lesing 2: Matteus 25:1-13 (1953)

¹ DAN sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

² En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas.

³ En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.

⁴ Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem.

⁵ En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

⁶ En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!

⁷ Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed.

⁸ En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.

⁹ Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liever na die verkopers en koop vir julleself.

¹⁰ En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit.

¹¹ Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, Meneer, maak vir ons oop!

¹² Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.

¹³ Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

Broodjies vir die Pad

We are surely called to believe that God who is everywhere is with us. And we are called to believe that this God is Energy and Love. Not the Grand Inquisitor. Not the Great Circus Master. Not the Indifferent Professor who does distant research on our lives. God is the one who made for us a good world and walks with us to hold us up as we go.

~ Joan Chittister



How does one prepare for the unexpected? Just exactly how are we to live without final answers? These passages are about the mood, tactics, stance, and attitude for the meantime, the time between today and God's fulfillment, (which, by the way, may not be what we expected after all!).

The parable of the wise and foolish, unique to Matthew, serves a specific function in his narrative. It is not about the content of faith, but learning the steps in the dance of believing; not belief as an exercise of right-thinking but about behavior and priorities while we wait; not about concepts but actions. Even if we lack details about when, where

and how Jesus will return, we are to learn the right habits engendered by eager expectation . . .

People expect biblical insights and sermons about appropriate belief, but these narratives with which we are dealing here point us in the direction of mood/stance/attitude/predisposition. And they insist that the stance we cultivate as the primary mode in which we live life determines if we are foolish or wise, prepared or unprepared for whatever God has in store because we have pledged our allegiance not knowing where that pledge will take us.

We know the expression, "fear of the unknown." These biblical readings offer an alternative: "hope for the unknown" based on trust in the God of those who have gone before us and have found their salvation as we can, too. (SacraC)



From the perspective of process theology, God is constantly addressing us with insights, possibilities, and lures for adventure. These may come from the unconscious through dreams, synchronous moments, and sighs too deep for words. They may also come through ordinary events and unexpected encounters. Each encounter provides the opportunity to move closer to God's vision for our lives and the world. Our openness to God enables God to be more active in our lives. Our failures to attend to God's movements in our lives diminish God's power to transform our lives. Still, in contrast to the parable of the wise and foolish bridesmaids, process theology asserts that God continues to offer us possibilities and the energies to embody them in our lives. Although we may turn away from God, God will never give up on us. There is hope for the foolish as well as wise in God's realm of love. (PaF)

Brood vir die Pad

Luister na die taal van die oë

deur Wilhelm Jordaan

Wanneer kommunikasie tussen mense skeef loop, hoor jy opmerkings soos dié:

"Dis nie wát jy sê wat my keelvol maak nie; dis hóé jy dit sê; Jy swyg soos 'n sfinks, maar jou hele wese straal minagting uit; Dis jou body language wat my krenk."

Dit bevestig kommunikasie behels veel meer as net die uitruil van woorde.

Om in 'n vol geselskap te sit en nie 'n spiertjie te roer of 'n woord te sê nie, is ook kommunikasie. Dit het betekenis vir die res van die geselskap – soos dit soms blyk uit hul ongemak. En dié ongemak is eweneens betekenisvolle kommunikasie.

Sommige mense is behendige stilteskeppers. Soos die Amerikaanse antropoloog Ray Birdwhistell dit beskryf het betreffende sy ma:

"Sy kon 'n stilte uitstraal wat so luid was dat dit die geskuiwel van voete en die swiesj-swiesj van 'n ferweelbroek verdring het. Selfs die geloei van my pa se kragboor is deur haar stiltes stilgemaak."

Al dié dinge is part en deel van ons daaglikse gesprekke; dié wat goed verloop, maar veral dié wat skeef loop.

Dit skep baie spanning tussen mense; by die werk, tuis en elders.

Dink maar hoe mense soms moet wal gooi met sinnetjies soos: "Ek het dit nie so bedoel nie; Jy verstaan my verkeerd; Waar kom jy nou daaraan?; Nou maak jy die verkeerde afleiding; Jy verdraai my woorde."

Om gevoeliger te kan wees vir waarom misverstande en konflik in gesprekke gebeur, help dit om minstens twee vlakke van kommunikasie te verreken:

Daar is 'n inligtingsvlak – dit wat die geuiterde woorde gangbaar beteken. En daar is 'n kommentaarvlak wat die spreker se houding teenoor 'n ander mens of 'n bepaalde toedrag weerspieël.

'n Voorbeeld is die man wat aan sy vrou sê: "Ek kry nie my baadjie en das nie. Weet jy waar dit is?" Dié uiting is op 'n inligtingsvlak. Sy vrou verstaan wat hy sê.

As die man egter dieselfde woorde gebruik en saam daarmee kom 'n ongeduldige stemtoon, 'n ergerlike frons en 'n swaar sug, lewer hy "kommentaar" wat sy kan verstaan as dat hy haar blameer dat sy baadjie en das soek is.

Misverstande en konflik in gesprekke word dikwels ontlok deurdat ons woordkeuses op 'n inligtingsvlak slordig, ondeurdag, ongevoelig, moedswillig en blatant rusiesoekend is.

Net so dikwels egter kom konflik deurdat mense jou woorde verstaan teen die agtergrond van die "kommentaar" wat jy lewer en waarvan jy nie altyd bewus is nie.

So byvoorbeeld kan die man wie se baadjie en das soek is 'n grimmige antwoord op die inligtingsvlak ontlok: "Hoe moet ek weet waar dit is?"

En op die kommentaarvlak 'n giftige kyk in die vrou se oë. En die ontstemde man begryp dit nie, want ál wat hy mos gevra het, was: Waar is my baadjie en das?

Wat hy nie begryp nie, is dat sý vroeëre "kommentaar" vertolk kan word as 'n teken van hoe hy die verhouding tussen hom en sy vrou sien; dat sy die tuisteskeppende, dienende Martha is wat altyd moet weet waar (patriargale) "pappie" se baadjie en das is.

Dit is die "kommentaar" in kommunikasie wat dikwels sterker boodskappe bevat as die "inligting" wat ter sprake is.

Waarmee gesê word: Wanneer die oë een ding sê en die tong 'n ander, sal die mens met wie ek praat eerder die taal van die oë as die taal van die tong glo.

En as my woorde nie eg is nie, sal my lyf se spraak dikteer hoe 'n ander my verstaan.

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877